education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## AFRIKAANS HUISTAAL
## RESPONS OP TEKSTE
## JUNIE 2024

**PUNTE:** 50

**TYD:** 2 uur

NAAM EN VAN : ______________________

SKOOL : ______________________

LEO : ______________________

DISTRIK : ______________________

Testpapers.co.za
Past exam papers Summaries Study Guides

Kopiereg v… lief

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 1:** | LEESBEGRIP | [20] |
| **VRAAG 2:** | VISUELE TEKS | [10] |
| **VRAAG 3:** | OPSOMMING | [5] |
| **VRAAG 4:** | TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES IN KONTEKS | [15] |
| | **TOTAAL:** | **[50]** |

2. Beantwoord ALLE vrae

3. Lees al die vrae noukeurig deur.

4. Waar een-woord antwoorde nodig is, skryf net die korrekte woord.

5. Vir meervoudigekeuse-vrae, omkring SLEGS die korrekte letter (A–D) langs die vraagnommer.

6. Gee spesiale aandag aan korrekte taalgebruik.

7. Skryf netjies en leesbaar.

| | VRAE | TOTAAL PUNTE | LEERDERPUNTE |
|---|---|---|---|
| 1. | Leesbegrip | 20 | |
| 2. | Visuele teks | 10 | |
| 3. | Opsomming | 5 | |
| 4. | Taalstrukture en -Konvensies in konteks | 15 | |
| | **TOTAAL:** | **50** | |

**Die vraestel begin op die volgende bladsy.**

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

Lees die volgende teks sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TiKToK BEPERK SKERMTYD VIR JONG GEBRUIKERS

2 Maart 2023




1. TikTok het Woensdag bekendgemaak dat hulle ŉ outomatiese daaglikse skermtydsbeperking van 60 minute gaan instel vir gebruikers wat jonger as 18 is.
2. Dit volg na aanleiding van die skerp kritiek wat TikTok in die gesig staar oor die verslawende eienskappe van die sosialemediaplatform onder veral jonger gebruikers.
3. "Die nuwe funksie sal in die komende weke ingestel word op elke rekening wat aan gebruikers jonger as 18 behoort, en dit sal outomaties op ŉ daaglikse beperking van 60 minute gestel word," het Cormac Keenan, TikTok se hoof van veiligheid, gesê.
4. Tieners sal ŉ wagwoord moet insleutel as hulle na ŉ uur nog video's op die platform wil kyk, en gebruikers wat jonger as 13 is se ouers of voog sal ŉ wagwoord moet insleutel om ŉ bykomende 30 minute van tyd vir hul kind te kry.
5. As die kind deur ŉ gesinsrekening (family pairing) toegang tot TikTok verkry, sal ouers ŉ maksimum skermtyd vir hul kind kan opstel, na gelang van die dag, het die platform bygevoeg.
6. Douyin, die Chinese weergawe van TikTok, is beperk tot 40 minute se daaglikse gebruik vir kinders jonger as 14, en is heeltemal ontoeganklik vir hulle tussen 22:00 en 06:00.
7. Die nuwe funksie is by bestaande maatreëls gevoeg om jongmense te help om hulle skermtyd te beperk. TikTok het verlede jaar kennisgewings ingestel wat tieners vra of hulle hulp benodig om hul skermtyd op die platform te bestuur, en ŉ weeklikse kennisgewing wat gebruikers se skermtyd opsom. Tog kan jonger gebruikers steeds kies om nie die tydsbeperkingsfunksie in te stel nie, of net oor hul ouderdom te jok, soos op talle ander sosialemediaplatforms.
8. Die Chinese sosialemediaplatform het kritiek gekry oor die stygende hoeveelheid tyd wat kinders tussen 4–18 jaar spandeer om deur video's te blaai wat die platform op grond van hul smaak en algoritmes aan hulle voorstel.
9. Volgens ŉ onlangse studie deur die ouerbeheer-app, Qustodio, het minderjariges in 2022 gemiddeld 1 uur en 47 minute per dag op TikTok spandeer.

[Bron: https://maroelamedia.co.za/nuus/wereld/tiktok-beperk-skermtyd-vir-jong-gebruikers/]

1.1 Onderstreep die korrekte antwoord.

Skermtyd word daagliks/weekliks ingestel. (1)

1.2 Wat beteken die woord "skermtydsbeperking" in paragraaf 1? Toon die regte antwoord deur A, B, C of D te omkring.

A Jy het meer tyd om jou skerm te gebruik.

B Jy het geen skermtydsbeperking.

C Jy het minder tyd om jou skerm te gebruik.

D Jy het geen tyd om jou skerm te gebruik. (1)

1.3 Waarom word skermtydsbeperking ingestel?

___________________________________________

___________________________________________ (2)

1.4 Op watter gebruikers se rekening sal dit ingestel word?

___________________________________________ (1)

1.5 Vir hoe lank gaan dit daagliks ingestel word? Toon die regte antwoord deur A, B, C of D te omkring.

A 30 minute

B 20 minute

C 60 minute

D 50 minute (1)

1.6 "Gebruikers jonger as 13 kan langer as 'n uur op die platform kyk".

Hierdie stelling is onwaar. Staaf waarom hierdie stelling onwaar is.

___________________________________________

___________________________________________ (2)

1.7 Wat word die Chinese weergawe van TikTok genoem?

___________________________________________ (1)

1.8 Noem twee verskille tussen TikTok en die Chinese weergawe van TikTok.

| TikTok | Chinese weergawe |
|---|---|
| a) | a) |
| b) | b) |

(4)

1.9 Op grond van wat word die video's voorgestel aan gebruikers?

______________________________

______________________________ (2)

1.10 Verduidelik in jou eie woorde wat jy dink is die funksie van die ouerbeheer-app?

______________________________

______________________________ (2)

1.11 Wat beteken die woord minderjariges?

______________________________ (1)

1.12 Dink jy jong gebruikers volg die skermtyd daagliks? Motiveer jou antwoord.


______________________________

______________________________ (2)

**TOTAAL VRAAG 1: 20**

**VRAAG 2: VISUELE TEKS**

Bestudeer die visuele teks en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/tegnuus/twitter-tiktok-tjirp-al-hoe-meer-so-gebruik-sa-nou-sosiale-media-20220705]

2.1 Noem een van Suid-Afrika se gewildste sosiale media platforms.

________________________________________________ (1)

2.2 Watter sosialemedia-platform word die minste gebruik?

______________________________________________ (1)

2.3 Wanneer gebruik mense die internet die meeste en deur watter geslag word dit die meeste gebruik?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

2.4 Waarom gebruik hierdie geslag die internet die meeste?

______________________________________________ (1)

2.5 Waarom teken die meeste mense aan op slimfone?

______________________________________________ (1)

2.6 Hoekom teken mense minder aan op die speletjiekonsole?

______________________________________________ (1)

2.7 Vir watter rede gebruik mense sosialemedia die meeste?

______________________________________________ (1)

2.8 Waarom dink jy gebruik mense hierdie rede wat in vraag 2.7 genoem is, die meeste op sosialemedia?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

**TOTAAL VRAAG 2: 10**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3: OPSOMMING**

Lees die onderstaande risiko's van TikTok deur en maak 'n opsomming deur die instruksies te volg.

**Ouers moet bewus wees oor die risiko's van TikTok**

1. TikTok-gebruikers teken in met 'n telefoonnommer, e-pos adres, Facebook- of Instagram-rekening.

2. TikTok se hooffokus is musiek en dans, soms met eksplisiete lirieke.

3. As gevolg van die aantal kinders onder 13 wat van die platform gebruik maak, het die ontwikkelaars 'n aparte afdeling van die toepassings vir kinders geskep wat hulle slegs toelaat om saamgestelde, "skoon" video's te kyk. Hulle kan nie kommentaar lewer, die soek-funksie gebruik op hul eie video's plaas nie. Die afdeling is slegs geaktiveer as kinders hul werklike geboortedatum gebruik, maar kan omseil word indien 'n valse geboortedatum gebruik word.

4. Daar is die opsie om die rekening privaat te maak, wat verseker dat slegs mense wat jou kind volg die inhoud kan sien.

5. As 'n ouer kan jy 'n buffer wees tussen jou kind en negatiewe inhoud deur saam met jou kind die video's te kyk en te skep. In plaas van om jou kind te verbied om die app te gebruik, omhels die platform saam met hulle deur te leer hoe om die platform te gebruik.

[Aangepas uit https://maroelamedia.co.za/nuus/wereld/skull-breaker-op-tiktok-ouers-moet-weet/]

1. Begin elke sin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.
2. Som VYF veiligheidsmaatreëls op van hoe ouers hul kinders kan beskerm op TikTok in 60–70 woorde.
3. Die veiligheidsmaatreëls moet PUNTSGEWYS in vyf volsinne neergeskryf word.
4. NOMMER jou sinne van 1-5.
5. Skryf eers jou eerste poging rofwerk.
6. Bring veranderinge op die rofwerk aan en sorg dat jy binne die riglyne van 60-70 woorde bly.
7. Skryf die finale poging.
8. Skenk aandag aan taalgebruik.

**Eerste poging:**

1. ______________________________________________

______________________________________________

2. ______________________________________________

______________________________________________

3. ______________________________________________

______________________________________________

4. ______________________________________________

______________________________________________

5. ______________________________________________

**Aantal woorde:** _______

**Finale poging:**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Aantal woorde**: _________

**TOTAAL VRAAG 3: 5**

## VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES IN KONTEKS

Die volgende vrae is gebaseer op die onderstaande leesstuk.

**Monitor kinders se gebruik**

1. Indien jy nou na die "blackout challenge" op TikTok soek, word ŉ gebruiker na ŉ bladsy herlei wat waarsku dat sommige uitdagings gevaarlik, ontstellend of selfs nagemaak kan wees.

2. Sosialemediawebwerwe soos TikTok bevorder inhoud op grond van ŉ gebruiker se voorkeure, het dr. Loise Lee, ŉ lid van die Amerikaanse Pediatriese Raad oor Besering, Geweld en Vergiftingsvoorkoming, aan *The New Times* gesê.

3. Sonder ouerbeheer kan kinders dus blootgestel word aan ŉ verskeidenheid van inhoud, ook video's wat hulle dalk nie verstaan nie.

4. Die organisasie stel voor dat ouers hul kinders se sosialemediagebruik dophou en skermtyd beperk. As kinders boonop sien dat ŉ klomp mense van ŉ video gehou het, kan hulle dalk dink dit is veilig en pret om te probeer doen, sonder om ŉ benul te hê van die gevolge.

5. Veral laerskoolkinders het nie die kennis of insig om te besef wanneer iets werklik gevaarlik is nie.

[Bron:https://maroelamedia.co.za/nuus/wereld/tiktok-moet-verduidelik-na-uitdaging-glo-jong-lewens-eis/]

4.1 Skryf die Afrikaanse woord vir die woord "challenge" soos in paragraaf 1.

________________________________________ (1)

4.2 Skryf 'n ANTONIEM vir die woord "gevaarlik" soos in paragraaf 1.

________________________________________ (1)

4.3 Skryf 'n SINONIEM vir die woord "onstellend" soos in paragraaf 1.

________________________________________ (1)

Kopiereg voorbehou

4.4 Breek die woord op in LETTERGREPE soos in paragraaf 2.
“sosialemediawebwerwe”

______________________________________________ (1)

4.5 Skryf die AFKORTING “dr.” voluit soos in paragraaf 2.

______________________________________________ (1)

4.6 Skryf die sin in paragraaf 2 oor in die DIREKTE REDE.
Sosialemediawebwerwe soos TikTok bevorder inhoud op grond van ‘n gebruiker se voorkeure, het dr. Loise Lee, gesê.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

4.7 Skryf die STAMWOORDE in die woord “ouerbeheer” soos in paragraaf 2.

______________________________________________ (1)

4.8 Skryf die VERKLEININGSVORM vir die woord “video’s” soos in paragraaf 3.

______________________________________________ (1)

4.9 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD:

Sonder ouerbeheer kan kinders dus blootgestel word aan ŉ verskeidenheid van inhoud, ook video’s wat hulle dalk nie verstaan nie.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

4.10 Skryf die sin hieronder uit in die ONTKENNENDE VORM:

Die organisasie stel voor dat ouers hul kinders se sosialemedia gebruik dophou en skermtyd beperk.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

4.11 Ontleed die sin hieronder uit deur die VOORWERP te identifeer:

Ouers moet sosialemediagebruik dophou.

______________________________________________________________ (1)

4.12 Brei die hieronder uit deur 'n BYVOEGLIKE NAAMWOORD in die sin te voeg:

Veral kinders het nie kennis om te besef wanneer iets gevaarlik is nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4.13 Verander die volgende sin in 'n VRAAGSIN:

Laerskoolkinders het nie die kennis of insig om te besef wanneer iets werklik gevaarlik is nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**TOTAAL VRAAG 4: 15**
**GROOTTOTAAL: 50**

Kopiereg voorbehou